Tema: Glo onwrikbaar in die regeermag van God, al lyk Hy oënskynlik afwesig.

Ons begin vandag met ’n reeks preke uit die boek Ester. Alhoewel die naam van God glad nie in die boek in Hebreeus voorkom nie, beteken dit nie dat God afwesig is nie. In die mees hopelose situasies in ons lewe, lyk dit soms of God afwesig is, asof Hy ons vergeet het. Maar God is altyd daar – Hy regeer, Hy stuur en rig ons ganse lewe. Daarom kan ons op Hom vertrou.

Vooraf sang
Ps. 8 – 1: 1, 2 (srs), 5 (brs), 7
Ps. 9 – 1: 1,5,6,7,10.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 68 – 1: 15
Votum
Seën
Lofpsalm Ps. 2 – 1: 1,2,6
Geloofsbelydenis.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20 – Visueel vir kinders
Sing Sb 9 – 1: 10 en 11
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing Ester 1
Teks: Ester 1:1 – 4
Sing Ps. 47 – 1: 3,4
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BNB (Kinderevangelisasie)
Sing Lied 588:1,3
Seën
Amen Sb 13 – 3.

Geliefde brs. en srs en kinders

Het jy ook al gevoel dat die situasie waarin jy jou bevind jou heeltemal oorweldig? Dat die dinge wat met jou gebeur net te groot, te moeilik en onbeheerbaar is. Daardie **gevoel van nietigheid en weerloosheid** wat jou beetpak waar dit voel vir jou asof jou voete aan swaar kettingballe vasgebind is en jou hande afgekap is. Jy kan net mooi niks doen nie! Die magte en kragte wat die situasie beheer is eenvoudig net te groot! Jy kan nie daarteen in opstand kom nie en jy kan niks daaraan verander nie. Die mag van mense of sisteme of kragte is net te groot.

In sulke tye het die kind van die Here so behoefte aan sigbare tekens van God en sy kragtige teenwoordigheid in jou lewe. Dink aan Gideon wat ook vir die Here 'n teken gevra het. Jy verlang so dat God net op 'n manier vir jou sal wys dat Hy wel in beheer is sodat jy rustig kan word. Dat die Here ook jou geloofsoë kan oopmaak en jy soos Elisa se slaaf die leërmagte van waens en perde van vuur rondom jou kan sien en jy rustig kan word.

Maar, geliefdes, nou weet ons uit die Bybelse geskiedenis van God se omgang met ons as sy volk , dat **Hy nie altyd sulke sigbare bewyse gee nie**. Ons kan nie daarop staatmaak dat God ons met sulke sigbare tekens en getuienisse moet oorreed om op Hom te vertrou nie. In die meeste gevalle kry ons nie sulke sigbare getuienis nie, en moet ons eenvoudig staatmaak op God se **beloftes** dat Hy wel na ons omsien. Dat jy uiteindelik **net jou geloof het om op staat te maak en geen sigbare getuienis nie.**

Dit word nog moeiliker wanneer ons in situasies verkeer waar **God oënskynlik totaal afwesig lyk!!!** As dit vir jou lyk asof God weg is. Of dit voel vir jou dat Hy dalk teen jou gedraai het!! Waarop gaan die gelowige dan sy geloof en vertroue stel? Wie gaan dan help en uitred?

Die boek Ester vertel vir ons van so 'n situasie in die lewe van twee gelowiges. Die naam van die Here word nie een keer, in die oorspronklike taal, in die boek genoem nie. Dit lyk op die oog af asof Ester en Mordegai en die klompie Jode wat in die Persiese Ryk agtergebly het, heeltemal aan hulle eie lot oorgelaat is en dat hulle maar self planne moes maak om die krisis wat hulle bedreig het, af te weer. As jy die boek so op die oog af lees lyk d**it asof dinge meer aan die vernuf van dié twee en aan toevallighede toegeskryf kan word, as aan God wat sy kinders red.**

Maar geliefdes, hierdie boek openbaar juis die wonderlike boodskap dat God – al lyk dit asof Hy oënskynlik afwesig is en asof Hy selfs teen sy volk gedraai het of van hulle vergeet het – dat Hy jou as sy kind se lewe stuur en beskerm.

En daarom wil die Here ons vandag vertroos en oproep met die **boodskap: Glo onwrikbaar in die regeermag van die Here, al lyk Hy miskien afwesig.** Moet nooit twyfel dat die Here daar is om jou te help nie, al sien jy geen sigbare bewyse van sy teenwoordigheid nie. Glo en vertrou dat Hy jou lewe ten goede bestuur.

Ons tekshoofstuk teken vir ons die agtergrond waarteen die verhaal van Ester en Mordegai afspeel. En hierdie **agtergrond dien ook vir ons om te sien hoe God agter die skerms besig is om die toneel voor te berei sodat Hy sy kinders kan red.**

Hf 1 vertel vir ons van **die mag, rykdom en invloed van koning Ahasveros**. Kyk net in **vers 1** na die omvang van sy ryk – van Indië tot Kus. In vandag se taal sluit dit die volgende lande in : Wes-Pakistan, Afganistan, Iran, Irak, Sirië, Turkye. Libanon, Israel, Jordanië, Egipte en Etiopië, Soedan en amper in Klein-Asië tot by Griekeland. 'n (Wys kaart op skyfies). Die stad waarin die gebeure afspeel is Susan, (wys) Sentraal geleë in die geweldige wêreldryk.
'n Mens sou Ahasveros 'n wêreldleier kon noem. Die grootste van sy tyd. 'n Man met geweldige mag.

Hy was uit die aard van sy mag ook **geweldig ryk**. Hy het drie groot stede en paleise gehad waarvan Susan sy winterwoning was. En kyk net na die swier en glans waarmee hierdie paleis gebou was. Dit alles het mense beïndruk.

Hy was ook 'n joviale koning wat <u>sy volgelinge se guns wou behou.</u> Daarom hou Hy twee **groot onthale**. Die <u>eerste fees</u> duur ses maande lank en word aangebied vir die al die hoë amptenare in sy diens. Leiers van die 127 provinsies en hulle amptenare hou partytjie – <u>ses maande lank</u>! <u>Die tweede fees</u> is vir die inwoners van sy stad en vir 7 dae lank kom kuier hulle by die koning in sy paleistuin en eet en drink na hartelus.

Die skrywer doen ook moeite om vir ons <u>swier en omvang</u> van Ahasveros se rykdom te teken. Die mense drink uit goue bekers waarvan nie een dieselfde as die ander gelyk het nie. Ontwerpersbekers van goud vir elke gas en die kelners moet elkeen bedien net soos hy gevra het. 'n Onthaal uit die boonste rakke!! – "eg koninklik" sê die ou vertaling.

Intussen hou **koningin Vasti ook vir vroue 'n aparte onthaal.** Daar word dus aan almal gedink en almal se guns word gewen.

Brs. en srs. , hoe dink julle het die klein handjievol Jode wat in die magtige ryk rgebly het, hierteenoor gereageer? Hoe moes Ester en Mordegai gevoel het met die belewenis van sulke mag en rykdom en roem? Hulle moes magteloos daarteenoor gevoel het!!! Dit moes vir hulle gevoel het asof God hulle vergeet het. Hier is 'n magtige koning aan bewind en hy doen net wat hy wil. Hy het soveel mag en geld dat hy enige mens kan omkoop en enige mens se lewe kon neem op sy bevel. Dit moes vir hulle gevoel het asof God afwesig is!! Asof Hy van hulle wat agtergebly het, vergeet het.

Hierdie gevoel is versterk deur die feit dat hulle **as Jode baie ongewild** was en dat daar van tevore baie pogings aangewend is om Jode soos hulle uit te wis. Dink aan die planne wat die mense van dié land gemaak het teen Daniel en sy vriende 60 – 100 jaar voor hierdie geskiedenis.

'n Verlore klompie gelowiges teen 'n magtige ryk!!!

Het jy ook al so gevoel? Dat alles teen jou is en dat die Here van jou vergeet het. Dat 'n situasie so onmoontlik en onomkeerbaar lyk dat dit vir jou voel asof die Here niks daaraan kan doen nie? Dat jy bid en dit lyk asof die Here nie jou gebede verhoor nie? Dat jy probeer om reg te doen, maar almal pleeg onreg teenoor jou? Dat niks in jou lewe wil reg loop nie. Miskien is dit 'n <u>werksituasie</u> waarin jy jou bevind wat dit vir jou moeilik maak. Dalk is dit probleme in <u>jou verhoudinge by die huis</u>? Miskien 'n <u>siekte of een of ander beproewing</u> wat jou moedeloos maak. Jy bid, maar die Here antwoord nie!!! Jy soek raad, maar dit bly uit!!

Jy kyk dalk na ons landomstandighede of die wêreldekonomie wat dreig om in mekaar te stort en jy voel magteloos daarteenoor. As gelowiges lyk dit vir ons asof die kerk 'n verlore stryd voer teen die magte van die duiwel. Dit lyk eenvoudig net of die ryk van die bose die ryk van God verwoes!

Br. en sr., dit is dan dat dit moeilik word om te glo dat die Here regtig in beheer van jou lewe is!! Dis dan wanneer jy soek na sigbare tekens en niks kry nie! Dis dan dat jy vrae begin vra.
Vrae soos: Is die Here regtig in beheer van my lewe? Is Hy regtig lief vir my as Hy toelaat dat sulke dinge met my gebeur? Kan die Here regtig regeer oor aardse presidente en leiers wat hulle regeermag misbruik en nie doen wat nodig is om te doen nie.
Kan God werklik my kind gesond maak of weer vir my werk voorsien?

Geliefdes, dit is in sulke tye wanneer ons geloof in God se regeermag ons nie moet begewe nie. Dan moet ons juis onwrikbaar glo dat Hy regeer. **Die bron van ons sekerheid is die kruis op Golgota. Daar waar Christus die werklike afwesigheid van God moes beleef! Daar waar Hy moes uitroep: My God, My God waarom het U my verlaat! Dit is die bron van ons sekerheid dat God nooit afwesig is in ons lewe nie.**
So het Christus daardie Godverlatenheid deurleef en oorwin – sodat Hy kon opvaar na die hemel en dat Hy as Koning van die wêreld daar regeer. Dat Hy ook oor my lewe regeer en dat alles my ten goede bestuur word. Dan moet ons leer om God agter die skerms raak te sien**.**

Geliefdes, ons moet leer om op die oënskynlik "afwesige" God te vertrou.

Want , geliefdes Hy is nooit afwesig is nie – Hy is altyd besig om sy regeermag so uit te oefen dat Hy sy doelwitte bereik.

Waar sien ons dit in hierdie hoofstuk – wil jy seker nou vra?

Dit word in hoofstuk een mooi geteken deur die optrede van 'n vrou nl. koningin Vasti. As die koning dronk feesgevier is, dan gee hy opdrag dat sy vrou haar skoonheid aan al sy gaste sal vertoon. Sy weier egter en hierdie saak openbaar die swakheid van hierdie "groot koning". Hy kan nie eens oor sy eie vrou beheer uitoefen nie en die huishoudelike krisis word 'n staatskrisis. Hy raadpleeg sy raadgewers en die laat hom 'n onherroepbare wet uitvaardig wat vroue in die hele ryk verplig om aan hulle mans onderdanig te wees. **'n Saak wat tussen die mure van die paleis uitgesorteer kon word, word nou staatswetgewing.**

Sien, u? Aardse mag, br. en sr, is onbeholpe en korrup. Dit is omkoopbaar. Dit is nie iets waarvoor ons moet vrees nie.
Aardse mag kan beïnvloed word om aan God diensbaar te wees. So word Vasti van die toneel verwyder, die koning se eintlike magteloosheid teen sy vrou word openbaar en die **weg word voorberei vir Ester om in 'n posisie te kom waar sy die koning ten goede kan beïnvloed.**

Dink u dit was slegs toevallig? Nee, **die Here was agter die skerms besig** om sake so te stuur dat Mordegai en Ester die koning se swakheid kon raaksien en dit later kon gebruik. God skep die geleentheid en berei die grond voor vir 'n tyd waarin Hy sy volk gaan red.

So, geliefdes, bly die Here elke dag agter die skerms besig om jou lewe te stuur en te rig. Daar is niks toevalligs wat in jou lewe gebeur nie. God het jou lief en Christus stuur jou lewe so dat Hy sy doel met jou kan bereik. Glo daarin. Bly glo en moenie twyfel nie – al lyk dit asof alles teen jou is. **God se pad met jou loop ook hoe berge van voorspoed, maar ook deur diep valleie van stryd en worsteling – moet dan nie in die donkerte van die vallei vergeet dat die Here jou pad ken nie en dat Hy jou in die regte rigting stuur nie.**

Glo daarin, al sien jy niks. Bly soek na die Here sy leiding. Bid om krag en wysheid. Doen wat reg is – bly gehoorsaam aan die Here. Eendag sal jy op die pad terugkyk en sien – die Here was lankal aan die werk – selfs toe ek getwyfel het – was sy planne reeds in plek. Ek kon dit toe net nie sien nie – maar ek kon daarin glo!

Amen.